

# PRAAT OOR CORONA VIRUS/COVID-19

‘n Nuut ontdekte virus maak ‘n klomp mense siek. Kinders en grootmense moet hulle optrede verander om die verspreiding van die infeksie te keer. Hoe beïnvloed dit kinders se daaglikse lewe en algehele gesondheid?

## Doel

In hierdie lesse moet die studente daaraan dink oor hoe om hulleself en ander te beskerm teen die corona virus/Covid-19. Hulle moet nadink oor hoe om op te tree wanneer hulle in ‘n beknopte eenheid woon en/of nie maklike toegang het tot lopende water of seep nie.

## Beraamde tydsduur

1 – 2 lesse. Jy kan natuurlik ook net ‘n paar van die voorgestelde vrae gebruik.

## Voorbereiding

Laai die inligtingstuk vir kinders oor corona/Covid-19 af of gebruik die ooreenstemmende inligting op die webblad.

## Materiaal

Inligtingstuk.

Stories oor die wêreld of op die webblad.

Corona/covid-19 vraelys by [worldschildrensprize.org/coronaquiz](https://worldschildrensprize.org/coronaquiz)

## LES: GESELS OOR CORONA VIRUS COVID-19

Laat die studente dit een vir een bespreek gebaseer op die Praat Kaartjie model en vrae gegee. Praat Kaartjies verseker elkeen se gelyke deelname en so word die studente geleer om in ‘n demokratiese manier te werk.




1. Begin om saam deur die corona virus/Covid-19 inligting te gaan. Dit is oor die verskillende maniere om jouself en ander te beskerm, maar ook oor die verspreiding van gerugte, geestes-gesondheid en dat kinders ook in krisis situasies nog steeds regte het.
2. Verdeel die klas in groepe van vier. Plaas elke groep so dat elkeen die ander sien. Die bespreking binne elke groep vind as volg plaas:
3. Elke student kry ‘n gekleurde kaart.
4. Gee die groepe een vraag of onderwerp om te bespreek.
5. Verduidelik dat wanneer ‘n student wil praat, moet hulle hulle kaartjie in die middel neersit.

6. Die student kan kortliks praat of langer, saam met die vorige spreker stem of iets nuuts byvoeg. Niemand mag praat of die student wat sy kaartjie neergesit het, onderbreek nie.
7. Slegs na al die studente in die groep hulle kaartjies neergesit het, kan die tweede kaartjie neergesit word.
8. Hou aan tot elkeen al hulle kaartjie gebruik het.

## Voorbeelde – vrae

- Wat is die mees belangrikste ding om nie besmet te raak of die gevaar om ander te besmet?
- Waarom is dit veral belangrik om ou mense en mense wat alreeds ernstige siektes het, te beskerm?
- Vergelyk lewe voor die corona virus: Wat is die verskille oor hoe ons nou met mekaar omgaan?
- Hoe beïnvloed die reëls waar jy bly jou? Moes jy ophou om iets te doen waarvan jy regtig baie hou?



- Baie kinders bly in 'n baie beknopte leef area, soms met ouer familieledede. Hoe maak mens dan om die bejaardes en mense met ernstige siektes te beskerm?
- Baie ouers is gespanne as gevolg van die corona virus/Covid-19. Sommige kan nie gaan werk nie. Hoe beïnvloed die spanning en angstigheid van grootmense hulle kinders?
- Daar is baie gerugte wat rondgaan oor die corona virus en Covid-19. Het jy iets gehoor wat jou bekommerd maak?
- Nuus op TV en radio is nou net oor corona. Hoe affekteer dit jou en hoe jy voel?

